Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2021

# REKENINGKUNDE V2
# NASIENRIGLYN
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien ’n kandidaat nie punte op ’n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde item strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbel penalisering nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien ’n vooraansuiweringsyfer as ’n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. In berekeninge, moet punte nie toegeken word indien noemer en deler omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as ’n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. Bewerking beteken ‘kontroleer bewerking’. ‘Een deel korrek’ beteken ‘Bewerking en een deel korrek’.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle, moet die metodepunt nie toegeken word nie. Dui aan d.m.v. ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

## VRAAG 1

1.1 **Waar of Onwaar**

| | |
|---|---|
| 1.1.1 | Waar ✓ |
| 1.1.2 | Onwaar ✓ |

**2**

1.2 **KREDITEURERE-KONSILIASIE**

1.2.1

| | **Krediteurekontrole** | | **Krediteurelys** | |
|---|---|---|---|---|
| **Voorlopige saldo/totaal** | **R589 010** | | **R585 050** | |
| **A** | + 5 630 | ✓ | + 5 630 | ✓ |
| **B** | | | + 360 | ✓ |
| **C** | + 645 | ✓ | + 645 | ✓ |
| **D** | | | - 900<br>(-R450; - R450) | ✓ ✓<br>(een punt elk) |
| **E** | - 167 000<br>(-83 500; - 83 500) | ✓✓<br>(een punt elk) | - 167 000<br>(-83 500; - 83 500) | ☑ |
| **F** | + 34 000 | ✓ | + 34 000 | ✓ |
| **G** | 0 | ✓ | 0 | ✓ |
| **H** | - 4 500 | ✓ | | |
| **Korrekte saldo/totaal** | 457 785 | ☑ * | 457 785 | |

**16**

* 1 metodepunt vir **beide** totale. Hoef nie dieselfde te wees nie, maar beginsaldo/totaal moet bygetel wees.

## 1.3 DEBITEURE-ONTLEDING

1.3.1 **Gee TWEE redes waarom die opstel van 'n Debiteure-ouderdoms-ontleding nuttig te pas kom in die bestuur van debiteure.**

Enige TWEE ✓✓ ✓✓

- Help om debiteure wat probleme gee, te identifiseer
- Identifiseer debiteure wat nie by kredietvoorwaardes hou nie
- Kan sien hoe invorderings gedoen word

| | |
|---|---|
| | 4 |

1.3.2 **Bereken die debiteure-invorderingsperiode vir 2020 en lewer kommentaar op jou bevindings. Hou in gedagte dat die debiteure-invorderingsperiode vir 2019 bereken was as 45 dae. Voorsien syfers in jou kommentaar.**
**Bespreek TWEE punte van advies wat jy aan die kredietbestuurder kan bied.**

**Berekening:**

$$\frac{\frac{1}{2}(68\,540 ✓ + 104\,190 ✓)}{448\,320 ✓} \times 365 = 70 \text{ dae}$$ ☑ Een deel korrek

**Kommentaar:**
Die debiteure-invorderingsperiode het verswak van 45 dae tot 70 dae, wat nadelig vir die besigheid se likiditeit is. ✓✓

**Advies:**
Enige TWEE ✓✓ ✓✓

- Moedig debiteure aan om rekeninge binne 30 dae te vereffen deur rente te hef op agterstallige rekeninge of korting kan aangebied word vir vroeë vereffenings.
- Geen verdere kredietverkope moet toegelaat word voordat rekeninge nie op datum is nie.
- Herinner debiteure aan uitstaande bedrae deur gereeld SMSe/eposse te stuur.

| | |
|---|---|
| | 10 |

| VRAAG 1: TOTALE PUNTE | 32 | |
|---|---|---|

## VRAAG 2

### 2.1 PAS BEGRIPPE

| | |
|---|---|
| 2.1.1 | C ✓ |
| 2.1.2 | B ✓ |
| 2.1.3 | A ✓ |
| 2.1.4 | D ✓ |

**4**

### 2.2 VOORRAAD

2.2.1 **Bereken die waarde van die eindvoorraad vir rugbytruie.**

988 x 500 = 494 000 ✓
12 x 490 = 5 880 ✓☑ Een deel korrek
499 880 ☑ Een deel korrek

**4**

2.2.2 **Bereken die koste van verkope vir rugbytruie.**

528 000 ✓ + 1 358 000 ✓ – 6 000 ✓ – 499 880 ☑ = 1 380 120 ☑ Een deel korrek

**5**

2.2.3 **Bereken die winsopslag persentasie vir rugbytruie.**

2 271 200 – 1 380 120 = 891 080 (BW)

✓☑ Een deel korrek

891 080 / 1 380 120 ☑ Sien 2.2.2 x 100 = 64,6% ☑ Een deel korrek Aanvaar 65%

**4**

2.2.4 **Hoeveel maande sal dit neem om die rugbytruie voorhande op 31 Mei 2020 te verkoop?**

☑ Sien 2.2.1 ✓

499 880 / 1 380 120 x 12 = 4,2 maande ☑ Een deel korrek

☑ Sien 2.2.2

**4**

2.2.5 **Bereken die waarde van eindvoorraad vir rugbyballe.**

45 000 ✓ + 1 145 000 ✓ – 2 700 ✓ + 61 140 ✓ x 120 ✓ = 184 x 120 = 22 080 ☑ Een deel korrek
(300 ✓ + 6 500) ✓ – 15

4 punte
1 248 440 x 120 = 22 080
6 785
2 punte

**8**

2.2.6 **Bereken die aantal vermiste rugbyballe op 31 Mei 2020.**

(300 + 6 500) ✓ – 15 ✓ – 6 660 ✓ – 120 ✓ = 5 ☑ Een deel korrek

**5**

2.3 **VASTE BATES**

2.3.1 **Bereken die kosprys van die addisionele motorhuis wat aangebou is.**

300 000 ✓

**1**

2.3.2 **Bereken die saldo van die Opgehoopte Waardevermindering op Toerustingrekening op 30 April 2020. (Jy hoef nie die rekening te doen nie.)**

1 440 000 x 20% = 288 000 een punt
Maar drawaarde is slegs 120 000 → WVM = 119 999 ✓✓✓
Beginsaldo = 1 320 000 ✓
1 439 999 ☑ Een deel korrek

**5**

2.3.3 **Voltooi die Opgehoopte Waardevermindering op Voertuierekening. Rekening moet gesaldeer word op 30 April 2020.**

**Opgehoopte Waardevermindering op Voertuie**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2020 Jan 31 | Bateverkope (192 999✓ + 79 200☑) | 271 200 ☑ | 2019 Mei 1 | Saldo a/b | 192 000 ✓ |
| 2020 Apr 30 | Saldo o/b | 26 000 ✓ | 2020 Jan 31 | Waardevermindering | 79 200 ✓✓ |
| | | | 2020 Apr 30 | Waardevermindering | 26 000 ✓✓ |
| | | 297 200 | | | 297 200 |
| | | | 2020 Mei 1 | Saldo a/b | 26 000 ☑ |
| | | | | | |
| | | | | | |

**10**

2.3.4 **Voltooi die Bateverkoperekening.**

**Bateverkope**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2020 Jan 31 | Voertuie ✓ | 720 000 ✓ | 2020 Jan 31 | Opgehoopte waardever-mindering op voertuie ✓ | 271 200 ☑ |
| | Wins met verkoop van Bate ✓ | 11 200 ☑ | | Krediteurekontrole ✓ | 460 000 ✓ |
| | | 731 200 | | | 731 200 |
| | | | | | |
| | | | | | |

**8**

| VRAAG 2: TOTALE PUNTE | 58 | |
|---|---|---|

## VRAAG 3

### 3.1 Waar of Onwaar

| | |
|---|---|
| 3.1.1 | Waar ✓ |
| 3.1.2 | Onwaar ✓ |

**2**

### 3.2.1 Nota vir Fabrieksbokostes

| | | |
|---|---|---|
| **Indirekte materiaal (8 400** + 59 400 ✓ – 13 200 ✓) | 54 600 | ☑* |
| Salaris: Fabrieksvoorman / Indirekte arbeid | 288 000 | ✓ |
| Elektrisiteit (78 408 x 75%) | 58 806 | ✓☑* |
| Fabrieksonderhoud | 81 000 | ✓ |
| Huuruitgawe (216 000 x 2/4) | 108 000 | ✓☑* |
| Waardevermindering (97 500 x 80%) | 78 000 | ✓☑* |
| | 668 406 | ☑* |

**12**

* 1 deel moet korrek wees; -1 Vreemde items; Maks. 1

### 3.2.2 Produksiekostestaat op 29 Februarie 2020.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Direkte arbeid (1 072 400** + 47 520 ✓+ 10 724 ✓✓+ 64 800 ✓✓) | | 1 195 444 | ☑* |
| **Direkte materiaal (115 800** + 1 445 400 ✓ – 46 200 ✓ + 57 600 ✓ – 69 000 ✓) | | 1 503 600 | ☑* |
| **Primêre koste** | DA + DM | 2 699 044 | ☑ |
| Fabrieksbokoste | Sien 3.2.1 | 668 406 | ☑ |
| **Totale vervaardigingskoste** | PK + FBK | 3 367 450 | ☑ |
| **Goedere-in-bewerking (1 Maart 2019)** | | **218 400** | |
| | | 3 585 850 | |
| Goedere-in-bewerking (28 Februarie 2020) | | (120 600) | ✓ |
| **Koste van produksie van klaar produkte** | | 3 465 250 | ☑ |

**16**

* 1 deel moet korrek wees

## 3.3 KOSTEBEREKENINGE

**3.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir 2020.**

$$\frac{\overset{\checkmark}{2\,193\,510} + \overset{\checkmark}{990\,000}}{\underset{\checkmark}{80} - \underset{\checkmark\boxtimes}{(18 + 22 + 7)}} = \frac{\overset{\text{2 punte}}{3\,183\,510}}{\underset{\text{3 punte}}{33}} = 96\,470 \boxtimes$$

Een deel korrek

| |
|---|
| |
| **6** |

**3.3.2 Bereken die aantal eenhede vervaardig gedurende 2020. (Alle produkte was verkoop.)**

1 981 800 / 18 = 110 100 ✓☑ Een deel korrek
**OF** 2 422 200 / 22 = 110 100
**OF** 770 700 / 7 = 110 100

| |
|---|
| |
| **2** |

**3.3.3 Behoort Mickey, die eienaar, bekommerd te wees oor die vlak van produksie van Nail Art? Gee TWEE redes, met stawende syfers om jou antwoord te motiveer.**

TWEE redes ✓ ✓ Syfers ✓ ✓
Merk kommentaar oor 2020 volgens kandidaat se berekeninge.

Geen rede om bekommerd te wees nie.
Gedurende 2019 is 92 000 eenhede geproduseer en verkoop en die gelykbreekpunt was 102 000. Geen wins is gemaak nie.
Gedurende 2020 is 110 100 (sien 3.3.2) eenhede vervaardig en verkoop en die gelykbreekpunt was 96 470 (sien 3.3.1). Wins is op 13 630 eenhede gemaak.

| |
|---|
| |
| **4** |

| **VRAAG 3: TOTALE PUNTE** | 42 | |
|---|---|---|

## VRAAG 4

4.1 **Begrippe**

| | |
|---|---|
| 4.1.1 | Eksterne ✓ |
| 4.1.2 | Aandeelhouers ✓ |

**2**

4.2.1 **Watter soort ouditverslag het Knights Sport Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Mei 2020 ontvang? Gee EEN rede vir jou antwoord.**

Ongekwalifiseerd ✓

Die verslag meld dat die state 'n redelike weergawe van die finansiële posisie is. ✓

**2**

4.2.2 **Waarom vereis die Maatskappywet van Suid-Afrika dat publieke maatskappye geouditeer moet word?**

Enige EEN ✓✓

Om aandeelhouers te beskerm.
Publieke fondse word gebruik.
Om aanspreeklik teenoor belanghebbende partye te wees, bv. aandeelhouers, SAID.
Om bedrog te ontmoedig.

**2**

4.2.3 **Die direkteure voel die ouditfooie wat deur die eksterne ouditeure gehef word, is buitensporig hoog. Verduidelik hoe beter interne beheer 'n positiewe effek sal hê op die fooie wat die ekstene ouditeure hef.**

Enige EEN ✓✓

Interne ouditeure sal foute wat deur boekhouers gemaak is, regstel
Interne ouditeure sal seker maak alle dokumente is in orde en maklik om te vind.
Eksterne ouditeure sal minder tyd aan die oudit-proses spandeer.

**2**

4.3.1 **Na watter AARP-beginsel het die interne ouditeur verwys toe hy sy kommer oor hierdie saak uitgespreek het?**

(Besigheids) entiteitsbeginsel ✓✓

| |
|---|
| |
| 2 |

4.3.2 **Gee TWEE gevolge vir die maatskappy indien die HUB die interne ouditeur se advies sou ignoreer.**

Enige TWEE antwoorde ✓✓ ✓✓

Die eksterne ouditeur mag dalk die ouditverslag as gekwalifiseerd klassifiseer
Die ekstra uitgawe sal lei tot 'n kleiner wins en dit kan lei tot kleiner dividende vir aandeelhouers
Twyfel/suspisie kan ontstaan oor die etiek van die HUB en die maatskappy
Gebrek aan vertroue in die HUB en die maatskappy

| |
|---|
| |
| 4 |

4.3.3 **Tydens die algemene jaarvergadering (AJV) het die direkteure voorgestel dat die maatskappy 'n dagsorgsentrum vir kinders in die plaaslike gemeenskap moet ondersteun. Gee TWEE redes waarom maatskappye by hierdie soort aktiwiteite betrokke sou raak.**

Enige TWEE antwoorde ✓✓ ✓✓

Belê in die gemeenskap uit wie wins gemaak word
Korporatiewe sosiale verantwoordelikheid
Belê in die gemeenskap om welwillendheid ('goodwill') te bevorder
Skep 'n goeie/positiewe beeld van die maatskappy
SEB ("BEE") punte vir ontwikkeling
Belasting-aftrekbaar

| |
|---|
| |
| 4 |

| VRAAG 4: TOTALE PUNTE | 18 | |
|---|---|---|

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou